

Christus maak van gelowiges heilige kinders van God en terselfdertyd maak Hy hulle slegte Jode

ds. PJ Kriel

Geloofsgehoorsaamheid 02

2018.07.22

Inhoud Hierdie preek wys dat Christus ons God die Vader se heilige kinders maak deur ons in sy liefde aan te neem en ons liefde vir hom te heilig. Dit maak ons, ten spyte van ons sondigheid, geloofsgehoorsaam: diensbaar in liefde en besig met liefdevolle diens aan God. Dit is Christus self wat ons slegte Jode maak. Om 'm Jood te wees, is om God se bevel uit te voer om deel van die mag van God te wees, om God as God te bemagtig en jouself deur die mag van God te bemagtig. Geloofsgehoorsaamheid maak die lewe 'n oefening in liefdevolle diensbaarheid en diensbare liefde. Die wetsonderhouding van Jode, en daarmee saam alle geestelikes, is om deur God se bevel uit te voer jou self te oefen om deel van die mag van God te wees. Christus het ons deur ons in sy liefde in te sluit en liefde in ons te wek, onbekwaam gemaak om met geestelike magsoefeninge besig te wees. Christus self maak ons onbevoeg om godsvervulde Christene te wees. Ons is met God se liefde vervul tot diensbare liefde.

Skriflesing Romeine 6; Gal. 2: 1 – 4; 11 – 16.

Teks Rom. 6: 22 Maar nou dat julle van die sonde vrygemaak is en diensbaar aan God geword het, lewer julle die vrug van heiligmaking ... (DV)

Tema Christus maak van gelowiges heilige kinders van God en terselfdertyd maak Hy hulle slegte Jode

1. Verlede Sondag het ons gekyk wat is die verskil tussen hoe troepe na 'n generaal luister en hoe kinders na hul vader luister. Troepe voer bevel uit sonder enige gehoorsaamheid. Kinders voer nie bevel uit nie maar is gehoorsaam aan hul ouers. Net so het God ons aangeneem as sy kinders sodat ons geloofsgehoorsaam aan God kan wees, en nie meer van God bevel ontvang en uitvoer nie.

Christus het ons verlos van troepe-dissipline tot kindergehoorsaamheid. Christus het ons losgekoop van 'n lewe waar ons onself vir God probeer regmaak, reghou en regkry vir die toekoms deur God se bevel uit te voer en deel gemaak van 'n lewe waarin Hy ons regmaak, reghou en regkry vir God as ons Vader, deur in ons plek die gehoorsame mens te wees wat ons nie kan wees nie.

Wie uit die geloof leef dat Christus se gehoorsaamheid ons vir God reg maak, leef nou in geloofsgehoorsaamheid teenoor God ons Vader.

Vanoggend wil ons met hierdie tema verder gaan.

2. Net Joodse Christene is volkome heilige kinders van God en leef heilig! Hierdie nuwe geloofsgehoorsaamheid van Griekse Christene maak hulle slegte onheilige kinders van God! Dit was die beskuldiging van Jode wat tot geloof in Christus gekom het en nog steeds Jode wou wees!

Christus maak van gelowiges heilige kinders van God en terselfdertyd maak Hy hulle slegte Jode

Dit was die geloofsaak vraag wat in die eerste Christelike gemeentes aan die orde gekom het: wie is God se heilige kinders wat heilig leef? Sommige van die Joodse Christene se standpunt was dat hierdie nuwe manier van “geloofsgehoorsaamheid” aan God maak jou ’n slegte kind van God. Hulle het geglo dat geloofsgehoorsaamheid is slegte en onheilige gehoorsaamheid.

Paulus spreek in Romeine hoofstuk 6 hierdie beskuldiging aan. Hy stel hulle beskuldiging twee keer, aan die orde In vers 1 klink dit só: “Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde voortleef sodat die genade kan toeneem? Dit beteken dat omdat God ons regmaak en nie ons self nie, kan ons maar aanhou sonde doen sodat God ons nog meer genade kan gee. Die een wat die meeste sonde doen, kry die meeste genade! Dit is die beskuldiging.

In vers 15 klink hierdie beskuldiging só: “Wat dan? Sal ons sonde doen omdat ons nie meer onder die wet is nie, maar onder die genade?” Dié beskuldiging beteken dat omdat God ons regmaak, reghou en vir die toekoms regkry, en nie ons onself nie, kan ons maar nou maar vrymoedig aanhou sonde doen, want God maak en hou ons mos nou reg!

3. Wie presies en hoekom het hierdie beskuldiging teen die Grieke en mense uit die ander heidennasies wat tot geloof in en tot geloofsgehoorsaamheid aan Jesus Christus gekom het, gemaak? Dit is die beskuldiging van net sommige Jode wat tot geloof gekom het .

Hierdie verskil oor die geloofsgehoorsaamheid van gelowiges was ’n baie groot probleem binne die eerste Christelike gemeentes gewees. Die rede vir hierdie beskuldiging was dat Jode wat tot geloof in Christus gekom het, wou soos Jode bly leef en hulle wou hê dat Grieke en ander nasies wat tot geloof gekom het, ook soos Jode moes begin leef. Want om soos ’n Jood te leef was vir hulle hoe ’n gelowige volkome en absoluut heilig vir God leef.

Die kern van hulle Joodse lewenswyse was die besnydenis gewees. Joodse Christene se besnydenis was vir hulle nog steeds belangrik na hul tot geloof gekom het, hulle het hulle kinders ook nog laat besny, al het hulle hul ook gedoop. Dit is volgens Gal. 2: 4 die eis gewees van die Joodse-Christene: Christene moet hulle ook laat besny. Anders kan hulle nie reg wees en reg leef vir God nie!

4. Hierdie Joodse Christene het hulle veral rondom die predikant (apostel) Jakobus in Jerusalem geskaar. Daarom noem Paulus hulle “sekere mense van Jakobus”. Hierdie predikant was Jesus se eie bloedbroer gewees, sy boetie. Hy het as Christen nog steeds die tempeldiens bygewoon en was deel van alles wat in die tempel gedoen is. Hy het dus ook nog steeds soos ’n Jood bly leef terwyl hy in Jesus Christus geglo het.

Christus maak van gelowiges heilige kinders van God en terselfdertyd maak Hy hulle slegte Jode

Dit kan u duidelik sien in sy voorstel wat hy aan Paulus gestel het toe Paulus na sy derde seningreis na Jerusalem toe gekom het volgens Handeling. Jakobus stel dit só teenoor Paulus: “Nadat Paulus hulle gegroet het, het hy in besonderhede vertel wat God deur sy bediening onder die heidene gedoen het. Toe hulle dit hoor, het hulle God geprys en vir hom gesê: “Jy sien, broer, hoeveel derduisende onder die Jode tot geloof gekom het, en hulle beywer hulle almal vir die wet. Oor jou is vertel dat jy al die Jode wat onder die nie-Jode woon, leer om afvallig te wees van Moses deur aan hulle te sê dat hulle nie hulle kinders hoef te besny nie en nie volgens die gebruike hoef te leef nie.” (Hand. 21: 20,21)

Jakobus het as oplossing vir hierdie konfrontasie voorgestel dat Paulus van die reinigingseremonies in die tempel in Jerusalem moes gaan uitvoer om konflik met sekere Joodse-Christene te probeer vermy.

5. Grieke en ander gelowiges is nie regtig navolgers van Jesus as die Messias nie, want hulle wil nie soos Jode leef nie! Hierdie beskuldiging het nie sommer maar net oor Joodse seremonies gegaan nie.

Hierdie beskuldiging het so diep gegaan dat dit tot die eerste algemene kerklike vergadering tussen die eerste twee Christelike gemeentes gelei het in die byeenkoms van die gemeentes van Antiogië en Jerusalem in die jaar 48 n.C. in Jerusalem. Kyk hoe lyk hierdie beskuldiging in sy volle krag in Handeling 15: “Daar het sekere mense van Judea af gekom wat die broers onderrig het: “As julle nie besny word ooreenkomstig die gebruik van Moses nie, kan julle nie verlos word nie.” Wie homself nie vir God regmaak, reghou en regkry volgens die Joodse geestelike wette nie, kan nie gered wees nie en kan vir God reg leef nie.”

Die Griekse Christene se geloofsgehoorsaamheid aan God, maak hulle slegte kinders van God, want hulle leef nie volgens God se bevele nie! Hulle leef nie vir God heilig en volkome nie. Dit is die oortuiging van hierdie Joodse Christene.

6. Hierdie geestelike driftigheid van hierdie Joodse Christene was so sterk dat die apostel Petrus per geleentheid bang was om met hulle in konfrontasie te gaan hieroor. In die Christelike gemeente in Jerusalem was volgens Paulus in Gal. 2: 9, Jakobus, Petrus en Johannes die pilare van die gemeente.

Toe Petrus 'n keer die gemeente in Antiogië besoek, na die vergadering waarop hulle almal saam besluit het dat gelowiges nie soos Jode hoef te leef nie, het die volgende insident gebeur. Petrus het vrymoedig met die Griekssprekende gelowiges saam aanbid, Bybelstudie gehou en gekuier as medegelowiges. Toe daar egter van die Joodse Christene aangekom het, het hy homself teruggetrek en afgesonder van die Griekssprekende gelowiges.

Christus maak van gelowiges heilige kinders van God en terselfdertyd maak Hy hulle slegte Jode

Met hierdie onttrekking het Petrus dus die Joodse Christene se beskuldiging gelyk gegee dat hierdie Grieksprekende gelowiges is nie regtig navolgers van die Messias nie omdat hulle nie soos Jode leef nie.

Dit is waaroor Paulus dan sy kollega aanspreek en die regte geloofsprobleem en geloofoplossing uitwys : “As jy wat ’n Jood is, soos ’n heiden leef en nie ’n Jood nie, hoe kan jy nie- Jode dwing om soos Jode te leef? Ons is gebore Jode en nie sondaars uit die heidene nie en tog wet ons dat ’n mens nie op grond van nakoming van die wet geregverdig kon word nie, maar slegs deur geloof in Jesus Christus.” Gal. 2:14 – 16.

Maar dit was nie Petrus se vaste geloofsoortuiging nie. Die konfrontasie met Jerusalem se Christene het hom vir ’n oomblik laat twyfel, maar deur die twyfel het hy die hele Grieksprekende geloofsgemeenskap mislei dat hulle nie heilig is en heilig leef nie. Dat dit ’n oomblik van vertwyfeling was, sien ons in Hand. 11 waar Petrus nog voor Paulus se sendingreise juis met hierdie dieselfde Joodse Christene in konfrontasie gegaan het omdat hy ’n Italiaanse soldaat, Kornelius tot geloof gebring het en saam met hom gekuier het: “Toe Petrus na Jerusalem opgegaan het, het diegene wat besny is, met hom geargumenteer en gesê: “jy was by onbesende mans aan huis en het saam met hulle geëet.” Hand. 11: 2 Petrus het toe die evangelie verdedig en hulle oortuig sodat hulle toe gesê het: “Toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê: “So het God dan ook aan heidene die bekering tot die lewe geskenk.” Hand. 11: 18

7. Wie is volkome Christene wat vir heilig leef?

Dit is die werklike saak waaroor hierdie worsteling gaan. Die woord vir volkome Christene is heilig. Die woord heilig in die Bybel beteken altyd volkome in die liefde van die wet van God. Wie is vir God sy volkome, heilige kinders, heilig en volkome in hulle liefdevolle gehoorsaamheid aan God?

Die Joodse- Christene het gesê die Griekse gelowiges is slegte kinders van God want hulle is nie volkome gehoorsaam aan God nie. Hulle is net gelowiges omdat hulle wil aanhou sonde. Hulle leef nie heilig nie.

Hulle het geglo dat deur as Jode te leef, en aan te hou leef as Jode na hulle tot geloof in Jesus Christus gekom het, maak hulle God se heilige kinders, sy kinders wie se liefde volkome vir Hom is, want hulle gehoorsaam al God se bevel in die Woord van God, die Ou Testament. Hierdie bevel van God beteken hulle laat hulle en hul kinders volgens die bevel van God besny, hulle onderhou die offers en feeste van die Ou Testament in die tempel in Jerusalem, hulle eet nie onrein kosse volgens die bevel van die Here in die Ou Testament nie, hulle voer al die Here se gebooe uit wat Hy beveel, maar die belangrikste is, hulle maak hulle self vir God reg en hou hulle vir God reg deur hulle bekerings en gebede volgens God se wet.

Christus maak van gelowiges heilige kinders van God en terselfdertyd maak Hy hulle slegte Jode

So het hulle geglo is en leef jy volkome heilig vir God!

8. Wie is God se heilige kinders wat Hom volkome liefhet volgens sy wet?

Paulus stel die antwoord in Romeine 6 duidelik – wie glo dat Christus hulle vir God volkome reg gemaak het, reghou en regkry vir die toekoms, is God se heilige kinders. God maak sy kinder reg sodat sy kinders se onvolkome liefde vir God heilige liefde is. Om ons regverdig te maak, is hoe God ons heilig maak.

Die saak van heilig wees en heilig leef, kom vir die eerste keer in Paulus se brief aan die Romeine in hoofstuk ses aan die orde met die twee stellings: “so moet julle nou julle ledemate in diens tel van geregtigheid om heilig te leef” 6: 19 en “Maar nou dat julle van sonde vrygemaak is en diensbaar aan God geword het, lewe julle die vrug van heiligmaking” 6:22 .

Tot en met hoofstuk ses het hy die hele tyd die woord regverdigmaking gebruik. Van hoofstuk een tot 6 het hy verkondig dat God maak sondaars reg volgens sy wet, hou hulle reg volgens sy wet en kry hulle volgens sy wet reg vir die toekoms, deur Christus wat gehoorsaam is, maar as ongehoorsame vir sondaars se sonde gekruisig en gesterf het en uit die dood uit opgestaan het.

So wat is 'n heilige lewe nou? 'n Lewe waarin God jou liefdevolle diens vir Hom heilig maak of 'n lewe waarin jy God se bevele uit te voer?

Hy som die antwoord op in 'n vraag: Besef julle nie dat as julle julleself vir iemand beskikbaar stel om hom as slawe te gehoorsaam, julle slawe is van die persoon aan wie julle gehoorsaam is nie?

Die woord slaaf beteken hier “eiendom” en “dienaar.” Wie jou liefde heilig en volkome maak, is aan wie jy behoort en wie jy dien. Die antwoord is die persoon aan wie jy behoort maak die verskil tussen 'n heilige en 'n sondige lewe!

9. Dit is die ingrypende aankondiging oor wie is heilig en leef heilig in Romeine 6. Dit gaan nie waarmee jy jouself heilig maak nie, maar oor wie jou heilig maak! Om heilig te leef gaan daarom ook nie oor wat jy doen nie, maar oor aan wie behoort jy!

Ons kan weer ons voorbeeld van die verskil tussen 'n troep en 'n kind gebruik. Of jy volkome heilig is en heilig, dit is volkome liefdevol leef, gaan oor aan wie behoort jy, aan God as generaal of aan God as Vader!

Paulus maak hier 'n baie ingrypende stelling. Behoort jy aan God as generaal is jy 'n slaaf van sonde, maar behoort jy aan God as Vader is jy 'n slaaf van God se regverdigmaking.

Hoe kan dit waar wees? Wat maak jou lewe sondig as God jou generaal is?

Christus maak van gelowiges heilige kinders van God en terselfdertyd maak Hy hulle slegte Jode

Om dit te kan raakvat moet ons eers weet wat beteken die woorde “parade” in die weermag. Die kinders, julle oupas of pa’s was omtrent almal in die weermag en hulle weet wat beteken die woord “parade”. Die woord beteken ’n oefening in bevel ontvang en uitvoer. Alles wat jy in die weermag doen word ’n parade, ’n oefening hoe om bevel te ontvang en te gehoorsaam genoem. Om te eet, om te bad, om fiksheidsoefeninge te doen, om jou kamer en klere skoon te maak en om die Bybel te lees en te bid, word alles “parades” genoem. Alles is maar net oefening hoe om bevel te ontvang en uit te voer.

Dit werk byvoorbeeld só! Met ’n ete saam met ’n kolonel of generaal is alles bevel wat ontvang en uitgevoer word, om te begin eet, om jou mes en vurk op te tel, om iets saam te drink, alles is bevel ontvang en uitvoer. Met drink byvoorbeeld moet jy die bottel met een hand ontvang, dit om ’n sekere manier ingooi, met ’n ander hand aangee en dan kom die snaakse deel: Jy moet drink op die telling en-twee-drie, een! So bad troepe! Dit is ’n oefening waarin die korporaal op jou skree wanneer moet jy jou klere uittrek, wanneer mag jy onder die stort staan, hoe lank mag jy seep aansit, en afspel en hoe en hoe lank mag jy afdroog. hoe skoon jy is maak nie saak nie. Dit gaan net oor hoe vinnig en flink voer jy die bevel uit. Net so met kamer skoon maak! Dit is ’n oefening in bevel ontvang en uitvoer. Daarom, al is alles silwerskoon en plat gestryk, sal die korporaal alles omver gooi en dan moet jy alles oor doen, nie om dit beter te doen nie, maar om te leer dat jy doen wat vir jou gesê word.

Seker die snaakse deel van die weermag is Bybelles en bid! Want dit is ook ’n parade van bevel gee en uitvoer! Jy moet saam met die bevelvoerder as predikant na die troep marsjeer en dan moet jy die bevel gee “Laat ons lees en bid”. Dit is nou die bevel waarop die troepe hulle hoede so afhaal: een-twee-drie, een! En as jy klaar gebid het, dan gee jy die bevel “amen” en op die bevel “amen” sit hulle hul hoede terug, só een-twee-drie, een!”

10. Paulus sê wie God só gehoorsaam, alles is oefeninge van bevel ontvang en uitvoer, leef sondig, nie heilig nie. Hoe so?

Want dit gaan oor wat ingeoefen word met parades! Met parades word absolute mag ingeoefen. Jy luister na mag as absolute mag en jy voer die mag uit met absolute oorgawe. Dit is die heiligheid van die weermag: absolute mag wat met algehele oorgawe aanvaar word!

Wat is verkeerd met hierdie absolute oorgawe aan absolute mag? Hoekom probeer troepe die voorbeeld wees van absolute oorgawe aan absolute mag? Want dan kan hy die een word wat die bevel gee! ’n Troep kan ’n korporaal word, ’n korporaal ’n sersant, ’n sersant ’n luitenant, dan ’n kolonel, ’n brigadier en dan self ’n generaal.

Christus maak van gelowiges heilige kinders van God en terselfdertyd maak Hy hulle slegte Jode

Hoe groter jou algehele oorgawe aan mag is, hoe meer mag kry jyself oor ander soldate!

11. Dit is hoe die weermag van die gewone siviele lewe verskil. Jy kry nie iets soos absolute mag en algehele oorgawe aan mag in die gewone lewe nie. Dit gaan in die gewone siviele lewe nooit oor “parades”, oefeninge in magsaanvaarding en magsuitoefening nie, ook nooit oor die verkryging van groter mag oor ander nie.

Dit gaan oor dienslewering! Jy maak iemand se kar reg sodat hy dit kan gebruik. Om 'n kar reg te maak is nie 'n parade, 'n oefening in mag nie. Dit is dienslewering. Dit geld vir alle beroepe! Om te boer is nie 'n oefening in mag nie, dit is 'n oefening in diensbare voedselvoorsiening; bakkers oefen in die diens van broodvoorsiening; onderwysers oefen in die diens van onderrig en niemand soek deur hulle dienslewering mag nie.

Kan u nou sien hoekom noem Paulus die Joodse soeke om heilig te wees deur hulle te oefen om God se bevele te ontvang as absolute bevele waaraan hulle hulself algeheel oorgee, sonde? Dit is 'n oefening om al meer mag van God te kry totdat jy God se mag saam met Hom deel. Dit is nie 'n oefening in diensbare liefde van kinders wat net kinders is en altyd kinders van hul Vader bly nie.

Wie hulle algeheel oorgee om hulself te oefen in die absolute magsuitoefening van God oor hulle, stel hulle self tot beskikking van sonde: die strewe om al meer van God se goddelike mag met God te deel totdat jyself ook 'n generaal is net soos God!

12. Wat is volkome gehoorsaamheid vir God? Hoe word jy heilig en leef jy heilig vir God?

Kom ons kyk met hierdie voorbeeld nou weer na Paulus se verkondiging van wie maak ons heilig en hoe leef ons heilig vir God!

Die vers wat dit beskryf is Rom. 6: 19. Die vertalers sukkel met die vertaling van hierdie vers. Die beste is die 1953 vertaling wat dit net so uit die Grieks vertaal het: “so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking.” Hierdie vers beteken, die geregtigheid van Christus, sy gehoorsaamheid, maak jou liefde vir God heilig, dit is, volkome.

Dit is wat dit beteken dat Christus ons slawe van geregtigheid gemaak het. Hy het ons die eiendom, kinders van God die Vader gemaak wat aan God die Vader as sy kinders behoort en Hy maak ons kinders wie se diensbare liefde en liefdevolle diens vir Hom heilig is. Omdat Christus ons vir God regmaak, reghou en vir die toekoms regkry deur ons in sy gehoorsaamheid te laat deel, laat Hy ons liefde en diensbaarheid vir God heilig wees. Regverdigmaking maak ons heilig!

Christus maak van gelowiges heilige kinders van God en terselfdertyd maak Hy hulle slegte Jode

Christus maak ons slegte Jode maar heilige kinders van God! Hy verander ons van mense wat alles wil sien en uitleef as oefeninge in absolute oorgawe aan God se absolute mag om in God se mag te deel, na mense wat in alles net met die oefening besig is om in God se liefde vir hulle te leef.

So leef God se kinders heilig: om in alles saam met hulle te leef sodat hulle saam met Hom leef as hul Vader. 'n Heilige lewe is om saam met god te leef wat ons vir hom heilig laat wees.

13. Liefde vir God is nooit algehele oorgawe aan God se absolute mag nie. Algehele oorgawe aan God se mag deur sy absolute bevele te ontvang en uit te voer, is sonde!

Om heilig te leef is om God lief te hê in die geloof dat Hy jou vir sy liefde regmaak en jou liefde vir Hom heilig maak! Dit is nie iets anders as geloofsgehoorsaamheid aan God nie. Geloofsgehoorsaamheid aan God is hoe heilig leef omdat Christus se geregtigheid ons vir God heilig maak.

Ek leef in die geloof dat Christus se gehoorsaamheid as mens het my vir God reg gemaak en my liefde vir God heilig gemaak, daarom wy ek myself aan God in liefdevolle dien en diensbare liefde volgens sy wet. Dit is hoe ons volkome heilig leef omdat God ons sy regverdige en heilige kinders maak.

So! Wat noem die Bybel die Joodse Christene se oortuiging dat net Jode vir God volkome kan gehoorsaam wees omdat net hulle hul oorgee om God se absolute bevele te kan ontvang en hulle self algeheel aan sy bevele oorgee?

Sonde! Diensbaarheid aan sonde! Dit is nie meer volkome en heiliger gehoorsaamheid as die Griekse Christene se geloofsgehoorsaamheid aan God nie. Dit is sonde om gehoorsaamheid geestelike parades, geestelike magsoefeninge in God se mag te maak.

14. Dieselfde oortuiging van die ou Joodse-Christene dat hulle vir God heilig is en heilig lewe, maar dat die Griekse-Christene se geloofsgehoorsaamheid hulle slegte en onheilige kinders van God maak, is vandag weer deel van die Christelike kerk.

Kom ons toets dit! Wie van u sal sê u is nie God se kinders nie? Niemand in die erediens sal dit sê nie. En elkeen sal sê "Ek is 'n kind van die Here want die Here het my ingesluit in alles wat Christus vir my gedoen het en daarom het God my as sy kind aangeneem." Elkeen van ons bely dit: ek staan en leef onder God se genade!

Wie van u sal sê: "Ek leef heilig vir God!" Dit wil min sê en die rede daarvoor is dat ons dan praat van hulle wat "regtig ernstige" kinders van God is, wat nie ons is nie;

Christus maak van gelowiges heilige kinders van God en terselfdertyd maak Hy hulle slegte Jode

wat regtig “toegewyde kinders” van God is, wat nie ons is nie; wat regtig volkome vir God leef, maar wat nie ons is nie.

15. Wat is die rede hiervoor?

Dit is omdat die moderne Christelike kerk weer die Joodse heiligmaking leer as die regte manier om heilig vir God te leef. Orals in feitlik alle kerke word geleer dat jy Jesus aanneem, maar dit maak jou nog nie ’n volkome heilige gehoorsame Christen nie. Om ’n volkome heilige gehoorsame Christen te word, moet jy nog met die krag van God vervul word.

Wanneer word jy met God se krag vervul? Wanneer jy ’n algehele oorgawe aan God maak om God se absolute wil te gehoorsaam! Dit is regtig hoe dit van oom Angus Buchan tot in Korea en Argentinië geleer word. Jy moet jouself algeheel oorgee aan God se absolute mag! Dan is jy ’n heilige Christen wat heilig leef.

Hulle maak met hierdie absolute oorgawe aan God se algehele krag dan die hele ’n lewe van dit wat hulle noem, “dissipelskap”. Wat is dissipelskap? Dit is geestelike parades. Elke deel van die lewe word ’n geestelike parade: ’n oefening aan algehele oorgawe aan God se absolute krag en mag, en dit noem hulle die lewe in die Gees. Vir elke deel van die lewe eet, werk, die huwelik en kindersgrootmaak, het hulle ’n geestelike parade wat hulle dissipelskap noem.

En wie nie deel van hierdie algehele oorgawe aan God se absolute krag en mag is nie, is slegte kinders van God. Hulle liefdevolle geloofsgehoorsaamheid is nie vir God volkome en heilig nie.

En daarom aanvaar ons hierdie valse lering en glo ons is God se kinders, en al leef ons met geloof in sy liefde en wy ons onself aan Hom, leef ons nie heilig en is ons gehoorsaamheid nie vir God volkome nie.

16. Wat is die ontdekking wat Petrus, die apostels, die Joodse- en Griekse-Christene moes maak oor heilig wees en heilig leef vir God?

Dit klink so! Christus maak sy kinders slegte Jode! Want Hy maak God die generaal ons Vader! So maak die Here dat ons nie meer vir God geestelike parades kan hou nie. Ons wil saam met Hom in sy liefde vir ons as Vader leef. Niks wat ons doen is meer magsoefeninge van algehele oorgawe van ons eie wil en lewe aan die absolute krag en mag van God nie! Ons luister nie meer so na God nie want God praat nie meer so met ons nie. Intendeel, ons sien al die geestelike parades, dissipelskapskoling van die geestelikes as sonde!

Hulle beskuldiging dat ons nie meer soos Jode kan of wil leef nie is waar. Maar dit maak ons nie God se slegte en ongehoorsame kinders omdat ons lewe nie ’n lewe

Christus maak van gelowiges heilige kinders van God en terselfdertyd maak Hy hulle slegte Jode

van geestelike parades is nie, oefeninge van algehele oorgawe aan die absolute krag en mag van God is, om ook deel van God se goddelike mag te word nie.

Christene mag nie soos Jode leef nie. Dit is wat Paulus vir Petrus sê: “: “As jy wat ’n Jood is, soos ’n heiden leef en nie ’n Jood nie, hoe kan jy nie- Jode dwing om soos Jode te leef? Ons is gebore Jode en nie sondaars uit die heidene nie en tog weet ons dat ’n mens nie op grond van nakoming van die wet geregverdig kon word nie, maar slegs deur geloof in Jesus Christus.”

17. Hoe is en leef ons heilig vir God in geloofsgehoorsaamheid?

Wie leef in die geloof dat God my vir sy liefde reggemaak het, reg hou en vir die toekoms regkry deur Christus se gehoorsaamheid, leef heilig! Want om in God se liefde vir jou saam met God te leef, is hoe ons heilig leef. Wie leef in die geloof dat God my liefde deur Christus se gehoorsaamheid, vir hom die heilige liefde van sy kind laat wees, leef heilig!

Wie in hierdie geloof hulle gewone lewe aan die Here wy om Hom diensbaar te wees in al die gewone goed waarmee ek besig is, leef heilig!

Wie in die geloof leef dat al sukkel ek en kry ek amper nooit sy wette reg nie, ek daarmee aanhou want dit is maar net die manier waarop ek myself in sy liefde vir my oefen, leef heilig!

Daarom is alles wat ons doen, om te bid, tot bekring te kom, om eredienste by te woon, om Bybel te lees en diensbaar aan god te leef, alles net die manier waarop ons saam met god in sy liefde leef. Niks wat ons doen is ooit ’n drill in oorgawe aan god se absolute mag nie.

Wie van u doen dit nie? Saam met God in sy liefde vir u leef nie? Maar dan is en leef ons mos heilig! Want ons geloofsgehoorsaamheid aan God is hoe ons heilig leef vir God: ons glo in sy liefde vir ons en dat Hy ons liefde vir Hom heilig laat wees en daarom leef ons diensbaar aan God.

18. Al wat ons laat glo ons leef nie heilig nie, is ’n hele nuwe tipe Christelikheid wêreldwyd wat ons probeer oortuig ons is slegte ongehoorsame onheilige kinders van God wat nie heilig leef nie. Joodse- Christene wat gelowiges wil oortuig hulle moet soos Jode leef: met absolute en algehele oorgawe aan God se absolute wil om die hele lewe ’n geestelike parade met God te maak: magsoefeninge in oorgawe aan mag om self deel van God se mag te word.

Al hoe ons met hierdie geestelikheid kan breek, is dat ons glo dat Christus maak ons slegte Jode. Ons kan nie aan hierdie algehele oorgawe aan mag om mag te kry deel neem nie, want die Here het ons van hierdie Joodse lewe losgemaak. Daarom is ons

Christus maak van gelowiges heilige kinders van God en terselfdertyd maak Hy hulle slegte Jode

nou te sleg om so te leef. Ons is sleg met hierdie geestelike magsdrils, maar ons leef heilig vir God. Ons leef uit die geloof in God se liefde wat ons liefde as sy kinders vir Hom heilig maak: so leef is ons diensbaar aan die Here se liefde, sonder enige magsdril!